

Saterdag 9 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:27-34

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:27-29; HK Sondag 30, Vraag 81

Mag kinders nagmaal gebruik?

In die jongste tyd word daar deur verskeie kerke en persone besin oor die vraag of kinders ook tot die nagmaal toegelaat moet word – en indien wel, op watter ouderdom.

Kindernagmaal was reeds in die derde eeu nC 'n algemene prak-tyk in die kerk, hoewel die herkoms daarvan onbekend is. Daar was egter verskil oor die ouderdom waarop kinders aan die nagmaal kon deelneem. Die RKK het besluit dat kinders op die ouderdom van sewe jaar toegelaat moet word. Die probleem is dat daar in die Skrif geen duidelike uitspraak daaroor gegee word nie. Daarom moet afleidings gemaak word uit dit wat veral in 1 Korintiërs 11:27-29 gesê word.

- *Eerstens* praat Paulus van “op ’n *onwaardige wyse*” eet en drink. Volgens die verband dui dit daarop dat mense in die liefdesmaaltye wat aan die nagmaal voorafgegaan het, hulle kos op ’n gulsige wyse geëet het voordat ander daarvan kon eet. Op dié wyse is die gemeenskap van die heiliges geskend. So openbaar hulle ’n verkeerde gesindheid. God se liefde wat in die nagmaal aan hulle voorgehou is, word nie beantwoord met liefde tot hulle naaste nie, maar met selfsug.
- *Tweedens* verwys Paulus na *selfondersoek*. Die woord wat gebruik word, dui op ’n beoordeling met die doel om die egtheid van iets te ondersoek en te toets. Dit moet gelowiges met hulleself doen om te voorkom dat hulle die nagmaal op ’n onwaardige wyse gebruik.
- *Derdens* wys Paulus op die *onderskeiding* van die liggaam van die Here. Die Korintiërs het nie behoorlik onderskei tussen brood en wyn as gewone kos en as tekens en seëls van die nagmaal nie. Hulle het die nagmaal gebruik sonder om te besef waaroor dit eintlik gaan.

Wie werklik in Jesus glo en nagmaal gebruik, moet nie net van Hom gehoor het en van Hom weet nie, maar moet met hart en siel aan Hom behoort en dit ook kan verantwoord. Kan dit wel van ’n kind van ongeveer 12 jaar verwag word? Sommige mag wel daartoe in staat wees, maar ander dalk nie, al glo hulle werklik in Jesus Christus.

Wat dan as so ’n kind die verbond van God ontheilig en die toorn van God oor die hele gemeente opwek? (Vgl. HK Antw. 82.) Die onvolwassenheid en gebrek aan ervaring van ’n kind behoort in oorweging geneem te word. Die skrywer van die Hebreërbrief (5:14) sê immers: “Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei” (vgl. ook 1 Kor. 13:11).

In die lig hiervan is dit die beste om by die huidige reëling te bly dat kinders eers tot die nagmaal toegelaat word ná belydenis van geloof.